Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Medicine and Health Sciences
EzoNyango nezeeNzululwazi kwezeMpilo
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

# FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

# RIGLYNE VIR NAVORSINGSWERKSTUKKE VIR GESTRUKTUREERDE MAGISTERPROGRAMME

## INHOUDSOPGAWE


**1. INLEIDING** .......... 2
**2. FORMAAT VAN WERKSTUK** .......... 2
**3. SOORTE NAVORSING** .......... 4
**4. PROSES** .......... 5
**5. OMGEWINGSHOOF** .......... 6
**6. STUDIELEIER** .......... 7
**7. GEDRAGSKODE VIR DIE VERHOUDING TUSSEN STUDIELEIER, MEDESTUDIELEIER EN KANDIDAAT** .......... 8
**8. EKSAMINATORS** .......... 8
**9. MANUSKRIPTE VIR VAKTYDSKRIFTE** .......... 11

## 1. INLEIDING

Hierdie dokument sluit regstreeks aan by twee stelle bepalings wat magisterstudies bereël. Lees dus asseblief hierdie bepalings **saam met**:

- dié onder “Magistergrade” in Deel 1 van die Universiteit se Jaarboek (Algemeen); en
- dié in Deel 12 van die Jaarboek (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe).

Hou hierdie dokument byderhand vir **toekomstige verwysing**.

Kandidate wat gestruktureerde magisterstudies doen, ongeag die studieveld, moet as deel van hulle finale eksamen ’n werkstuk of een of meer publikasies afhandel waarvan die tersaaklike nagraadseprogramkomitee (NPK) en omgewingshoof (van die departement, afdeling of sentrum) bevestig het dat dit tot hulle bevrediging aantoon dat die kandidaat tot die volgende in staat is:

- om navorsing te beplan;
- om die literatuuroorsig op die navorsing toe te pas;
- om die beginsels van tersaaklike gesondheidsbewyse sowel as elementêre statistiese metodes en/of kwalitatiewe ontleding, na gelang van die geval, toe te pas;
- om ’n projek af te handel; en
- om sinvolle gevolgtrekkings te maak.

In die verwesenliking van hierdie doelwitte moet kandidate dus aantoon dat:

- hulle die vermoë ontwikkel het om onafhanklik krities te kan dink;
- hulle bestaande sowel as nuut verworwe kennis rasioneel en objektief kan bespreek; en
- die navorsing wat hulle onderneem het, tot bestaande kennis toevoeg.

## 2. FORMAAT VAN WERKSTUK

2.1 Die navorsing vir en voorbereiding van ’n manuskrip of werkstuk moet, hetsy in die geheel of gedeeltelik, verrig word terwyl die kandidaat vir ’n gestruktureerde magisterprogram ingeskryf is. Hierdie werk mag wel begrond wees op navorsing wat vantevore uitgevoer is.

2.2 Kandidate moet die onderstaande verklaring op die eerste bladsy van hulle werkstuk, net na die titelbladsy, invoeg en dit onderteken en dateer:

> **Verklaring**
>
> Ek verklaar dat die werk wat in hierdie skryfstuk vervat is, my oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore by enige universiteit voorgelê het, hetsy in die geheel of gedeeltelik, ten einde ’n graad te verwerf nie.
>
> **Handtekening: ........................................................** **Datum: ...............................**

2.3 **Kandidate kan hulle werkstuk in een van twee formate voorlê:**

**Opsie 1** – ’n afgeronde manuskrip vir ’n eweknieбeoordeelde vaktydskrif (verkieslik subsidiedraend, d.w.s. wat in die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se lys goedgekeurde vaktydskrifte opgeneem is) met die kandidaat as eerste outeur, of

**Opsie 2** – ’n vollengte navorsingswerkstuk.

Werkstukke vir **opsie 1** moet aan die volgende voldoen:

- die vereistes van die tersaaklike vaktydskrif, en
- die spesifieke vereistes vir die betrokke graad (buiten die woordtelling, wat aan die vaktydskrif se voorskrif moet voldoen), soos ’n agtergrond tot die studie, ’n omvattende literatuuroorsig en ’n gevolgtrekking.

Werkstukke vir **opsie 2** moet die volgende bevat:

- ’n **verklaring** oor die aard en omvang van bydraes deur die kandidaat en dié van hulle medewerkers;
- ’n **inhoudsopgawe** met akkurate bladsyverwysings;
- ’n **opsomming** in Afrikaans sowel as Engels;
- ’n **inleiding** tot en oorsig van die studie, verkieslik hoogstens een bladsy lank, wat die navorsingsonderwerp bondig uiteensit;
- ’n **literatuuroorsig** wat op die besondere, afgebakende gebied van ondersoek fokus, die navorsingsonderwerp belig en uitloop op die formulering van ’n **probleemstelling**, **navorsingsvraag of -vrae en/of -hipotese(s)**;
- die **oogmerk van die ondersoek**, wat logies uit die literatuuroorsig moet voortvloei en as **motivering** vir die studie mag dien;
- ’n metodologie en beskrywing van die **metode** en **materiaal** wat gebruik gaan word (proefdiere, pasiënte, studente, weefselkultuur, terapie, data-insameling, benaderings tot ontleding en vertolking, intervensies, evaluerings, etiese oorwegings, ens.);
- die **resultate** of bevindings na kwantitatiewe of kwalitatiewe ontleding, toegelig deur verstaanbare tabelle, diagramme, grafieke, ensovoorts en vergesel van gepaste byskrifte;
- ’n **bespreking** wat die resultate of bevindings aan die hand van die literatuuroorsig saaklik beredeneer en vertolk, asook enige tekortkomings uiteensit;
- ’n **gevolgtrekking** wat die bevindings, die vertolking daarvan en onopgeloste kwessies bondig saamvat; hierdie hoofstuk kan afsluit met **aanbevelings** oor nuwe benaderings, kliniese toepassings en/of verdere navorsingsprojekte; en
- ’n **bronnelys** wat volgens enige erkende verwysingstelsel opgestel is.

### 2.4 Navorsingskriteria

2.4.1 Alles wat gedoen word, moet op duidelik geformuleerde probleme begrond wees en daarop ingestel wees om insig te bekom deur data, hetsy kwantitatief of kwalitatief van aard, doelmatig in te samel en sistematies te verwerk met die oog op die volgende:

- om die bestaande korpus wetenskaplike kennis uit te brei; en/of
- om die toepassingsmoontlikhede van teoretiese kennis wetenskaplik te ontwikkel; en/of
- om tegnieke, sisteme, prosesse of metodes te ontwikkel of te verbeter wat prakties benut kan word op ’n manier wat wetenskaplik beplan en verantwoordbaar is.

2.4.2 Die navorsingswerkstuk vir ’n magisterprogram word soos volg omskryf:

- Die werkstuk maak ’n onafhanklike en samehangende komponent van die programaktiwiteite uit; samehang sal verhoed dat onverwante aktiwiteite (veral dié wat nie regstreeks by die duidelik geformuleerde probleem of probleme aansluit nie) in die navorsing opgeneem word.
- Die navorsing is onafhanklik van enige onderrigde modules in die program.

- Die navorsing word onder begeleiding van ’n studieleier uitgevoer.
- Die navorsing behels 20%–49% van die program se totale kredietlading.
- Die navorsing behoort die kandidaat in staat te stel tot die volgende:
    - om insigte te bekom deur data doelmatig in te samel en sistematies te verwerk en deur op duidelik geformuleerde probleme te fokus, en sodoende basiese wetenskaplike kennis uit te brei en toepassingsmoontlikhede van wetenskaplike kennis of tegnieke, tegnologie, teorie en begrip te ontwikkel of te verbeter;
    - om navorsing onafhanklik, professioneel en eties uit te voer;
    - om die navorsingsresultate op ’n akademiese of professionele manier oor te dra; en
    - om ’n akademies aanvaarbare werkstuk te lewer wat op die navorsingswerk begrond is.

2.4.3 Die onderstaande vereistes weerspieël die Subraamwerk vir Hoëronderwyskwalifikasies (SRHOK, 2013:32) se vereistes vir die skriftelike navorsingskomponent van ’n magisterprogram:

- Die werkstuk kan in verskeie formate voorgelê word – as navorsingswerkstuk, kreatiewe werk, ’n reeks ewekniebeoordeelde artikels of ander navorsingsekwivalente uitsette.
- Die navorsing moet met die kenmerke van die dissipline en navorsingsveld sowel as die oogmerke van die program ooreenstem.
- Kandidate moet komplekse kwessies sistematies sowel as kreatief kan hanteer, die navorsing kan ontwerp en krities beoordeel, gesonde oordeel toon in hulle keuse uit die beskikbare data en inligting, gevolgtrekkings duidelik aan ’n vakkundige sowel as ’n lekegehoor kan oordra, selfgedrewenheid en oorspronklike denke toon in hulle aanpak en oplossing van probleme, onafhanklik kan te werk gaan om take met ’n teoretiese onderbou te beplan en deur te voer, en hulle kennis, begrip en vaardighede voortgeset uitbrei.
- Die komponent moet minstens 60 krediete op NKR-vlak 9 behels.

2.4.4 Buiten die kennis, metodes en prosedures waarvan magisterstudente moet bewys lewer in die verrigting van onafhanklike navorsing en die voorlegging van ’n skriftelike werkstuk, moet hulle die vermoëns demonstreer soos omskryf in paragraaf (f) en (e) van SAKO se beskrywings vir NKR-vlak 9 (Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid [SAKO] Vlakbeskrywings vir die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2012):

- Kommunikeer en verdedig substantiewe idees wat uit navorsing op die spesialisasiegebied na vore gekom of ontwikkel het en wat gebruik gemaak het van ’n reeks gevorderde en gespesialiseerde vaardighede en gesprekke in die veld, dissipline of praktyk en met gehore op wisselende vlakke van kennis en kundigheid (par. f; eie vertaling).
- Wys etiese aspekte uit en neem besluite daaroor wat kennisproduksie of professionele praktyk raak en wat krities tot die ontwikkeling van etiese standaarde bydra (par. e; eie vertaling).

## 3. SOORTE NAVORSING

Daar is verskeie soorte navorsing, onder meer:

3.1 laboratoriumgebaseerde navorsing wat met die kandidaat se dissipline verband hou;

3.2 prospektiewe voorkliniese of kliniese navorsing;

3.3 doelmatige retrospektiewe navorsing, gebaseer op inligting wat in databanke of op lêer beskikbaar is;

3.4 epidemiologiese navorsing;

3.5 gesondheidstelselsnavorsing; en

3.6 sekondêre navorsing, soos ’n sistematiese oorsig (met of sonder meta-ontleding), bestek-oorsig, metodestudie (bv. as ’n metode-ontleding of meta-epidemiologiese studie) en kwalitatiewe sistematiese navorsing (kwalitatiewebewyssintese), wat verskeie vorme kan aanneem –

3.6.1 ’n manuskrip wat alreeds aanvaar is vir publikasie in ’n ewekniebeoordeelde vaktydskrif (verkieslik subsidiedraend) met die kandidaat as eerste outeur; hierdie opsie moet, net soos die ander opsies, onderneem word ooreenkomstig ’n voorafbeplande protokol (as sodanig vooraf voorgelê) wat aspekte soos die oogmerk, metodologie en prosedure omskryf; daarby moet die werk ’n wetenskaplike bydrae tot die betrokke kennisveld lewer, byvoorbeeld deur ’n sistematiese oorsig, bestek-oorsig of meta-epidemiologiese studie te verskaf,

3.6.2 kwalitatiewe en vermengdemetode-navorsing, of

3.6.3 navorsing oor opleiding, onderwys of onderrig en leer.

## 4. PROSES

4.1 Kandidate moet dokumentasie soos volg by die betrokke omgewingshoof indien:

4.1.1 Die **protokol** vir die navorsing, wat hoogstens vyf dubbelgespasieerde elektroniese bladsye mag beslaan (tensy anders aangedui vir die betrokke graad) en die volgende moet uiteensit –

- die voorgenome plek waar die navorsing uitgevoer gaan word,
- die onderwerp en omvang van die voorgenome navorsing,
- ’n bondige literatuuroorsig,
- die oogmerk van die voorgenome navorsing en/of een of meer hipotesestellings,
- die materiaal en metodologie,
- die verwagte resultate, waar moontlik,
- die etiese kwessies wat by die navorsing betrokke is, en
- die begroting, beskikbare fondse en eksperimentele materiaal.

Die omgewingshoof moet die protokol finaal goedkeur voordat dit vir etiese klaring voorgelê mag word.

4.1.2 Kandidate moet hulle **volledige protokol** (inligting en vorms by die Afdeling Navorsingsontwikkeling en -steun: Tygerberg-kampus) voorlê aan die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee (GNEK), wat die etiese aspek van die projek sal beoordeel en die projek registreer.

**Die betrokke studieleier sal kandidate bystaan as hulle sukkel om hulle protokol volgens die formele vereistes saam te stel, te formateer of te organiseer.**

Die GNEK van die Universiteit Stellenbosch (US) gebruik ’n elektroniese bestuurstelsel, Infonetica©, om die aansoek- en keuringsproses te ondersteun. Die portaal vir toegang tot die stelsel is by http://www.sun.ac.za/english/faculty/healthsciences/rdsd/ethics_application_package.

4.2 Om te verseker dat eksaminators betyds aangestel word, moet kandidate hulle studieleier

skriftelik vier maande vooraf inlig dat hulle beoog om hulle navorsingswerkstuk op ’n sekere datum in te lewer – of vroeër, na gelang van die betrokke graad. Kyk by afdeling 8 hier onder, “Eksaminators”.

4.3 Om te verseker dat die eksamineringsproses betyds afgehandel word, moet kandidate elektroniese kopieë van hulle werkopdrag soos volg voorlê (magistertesisse en doktorale tesisse en verhandelings het ander Fakulteitspesifieke inleweringsdatums, wat nie hier van toepassing is nie):

- om by die Desemberplegtigheid te gradueer – voor 1 Oktober, en
- om by die Maartplegtigheid te gradueer – voor 1 Desember.

Die studieleier moet die navorsingswerkstuk goedkeur voordat dit vir eksaminering voorgelê mag word.

4.4 Eksaminators moet **minstens een maand** hê om ’n werkopdrag te assesseer. Hulle moet hulle verslae indien by die omgewingshoof of die uitvoerende hoof se afgevaardigde, wat die eksaminatorsverslae vir aanbeveling aan die Adjunkregistrateur: Tygerberg-kampus of dié se afgevaardigde moet voorlê minstens 10 werkdae voor die sluitingsdatum vir die indiening van finale punte. Die betrokke omgewing (departement, afdeling of sentrum) is daarvoor verantwoordelik om die finale punt te laai voor die sperdatum wat die Universiteit gestel het. Versuim om hierdie riglyne na te volg, sou kon veroorsaak dat die kandidaat nie by die eersvolgende plegtigheid hulle graad kan ontvang nie.

4.5 Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om die afgeronde werkstuk elektronies by die omgewingshoof en studieleier in te lewer teen die datum wat die Universiteit elke jaar vasstel.

4.6 Die kandidaat mag nie die werkstuk indien vir finale assessering sonder die geskrewe toestemming daartoe van die studieleier(s) nie.

## 5. OMGEWINGSHOOF

‘Omgewingshoof’ verwys na die hoof van die afdeling, departement of sentrum waar ’n kandidaat vir voltydse studies aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) ingeskryf is.

5.1 Die omgewingshoof of hulle afgevaardigde (bv. die studieleier) is daarvoor verantwoordelik om die protokol te moniteer en verder te hanteer, en vir die administratiewe reëlings wat daarmee gepaardgaan.

5.2 Die omgewingshoof moet sorg dat hulle bekend is met alle formele bepalings en vereistes rakende die protokol, die navorsing, die voorlegging van die werkstuk en die eksaminering daarvan.

5.3 Die omgewingshoof is daarvoor verantwoordelik om ’n studieleier goed te keur en aan te stel, en moet seker maak dat die studieleier die getal studente wat aan hulle toegewys is, kan hanteer. Die onus rus op die omgewingshoof om te besluit hoe laasgenoemde vereiste nagekom kan word, met inagneming van die spesiale behoeftes en vereistes van die betrokke dissiplines sowel as die onderskeie belangstellings, benaderings en vermoëns van moontlike studieleiers. Studieleiers moet in die US se diens wees, hetsy voltyds of op die gedeelde betaalstaat.

5.4 Die omgewingshoof is daarvoor verantwoordelik om eksaminators in oorleg met die studieleier aan te stel en om eksaminators se instemming tot hulle aanstelling te verkry. Vervolgens moet die omgewingshoof die eksaminators se name via die betrokke NPK aan die Komitee vir Nagraadse Onderrig (KNO) en die Fakulteitsraad voorlê. (Kyk by 6.5 hier onder.)

5.5 Die omgewingshoof is daarvoor verantwoordelik om saam met die studieleier oor die eksamineringsproses toesig te hou. Dit sluit in om enige uitstaande eksaminatorsverslae op te volg en eksamineringsgeskille na die KNO te verwys.

5.6 Die omgewingshoof of hulle afgevaardigde is daarvoor verantwoordelik om die finale punt te laai voor die sperdatum wat die Universiteit gestel het.

## 6. STUDIELEIER

Die studieleier moet, bykomend tot die inligting hier bo, sorg dat hulle ook met die volgende bepalings bekend is:

6.1 Studieleiers moet hulle beskikbaarheid in ag neem wanneer hulle kandidate vir nagraadse studiebegeleiding aanvaar. Sou die een of ander latere gebeurtenis hulle beskikbaarheid ingrypend aantas, met ’n gevolglike uitwerking op nagraadse programme, moet die studieleier nuwe reëlings met die omgewingshoof bespreek en elke kandidaat wat op dié manier geraak is, skriftelik daarvan inlig voordat nuwe reëlings getref word. Die KNO moet van sodanige gevalle ingelig word.

6.2 Indien die aard van die navorsingsonderwerp of -metodologie kundigheid op meer as een gebied verg, moet daar oorweeg word om een of meer medestudieleiers te betrek wat oor die gepaste kundigheid en ondervinding beskik.

6.3 Indien toerusting en laboratorium-, digitale of tegnologiese fasiliteite benodig word, moet die studieleier sorg dat dit beskikbaar en toeganklik is.

6.4 Die studieleier is verantwoordelik vir die oorspronklikheid, wetenskaplike meriete en standaard van die navorsing wat uitgevoer gaan word.

6.5 Die studieleier moet die aanstelling van onverbonde eksaminators in oorleg met die omgewingshoof en die NPK aanvoor, en moet hulle skakeling met eksaminators tot die oorspronklikheid, wetenskaplike meriete en standaard van die navorsing beperk.

- Eksaminators is *onverbonde* as hulle op geen manier by die beplanning, uitvoering of verwesenliking van die navorsing of die werkstuk betrokke is nie.
- ’n *Interne onverbonde* eksaminator is iemand wat in die US se diens staan of op die gedeelde betaalstaat is, maar wat onverbonde is wat die faktore hier bo betref.
- ’n *Eksterne* eksaminator mag nie in die US se diens staan of op die gedeelde betaalstaat wees nie. Hulle moet ook aan die omskrywing van *onverbondenheid* aan die Universiteit voldoen. Buitengewone professors, ander buitengewone aanstellings en ereprofessors aan die US voldoen nie aan die vereistes vir eksterne eksaminators nie. Eksterne eksaminators moet gereeld afgewissel word – minstens al om die drie jaar.

6.6 Studieleiers moet ook sorg dat hulle bekend is met alle formele bepalings en vereistes rakende die protokol, die navorsing, die voorlegging van die werkstuk en die eksaminering daarvan.

6.7 Die studieleier moet jaarliks skriftelik aan die betrokke NPK verslag doen oor die vordering met die studie.

6.8 Die studieleier moet alle werk wat die kandidaat ingelewer het binne ’n redelike tyd terugbesorg, vergesel van kommentaar.

6.9 As daar ’n meningsverskil tussen die studieleier en die kandidaat ontstaan, moet hulle dit self probeer oplos. Sou hulle nie daarin slaag nie, kan hulle dit onder die aandag van die

omgewingshoof en die NPK bring. Sou die saak onbesleg bly, kan die partye die Visedekaan: Leer en Onderrig aan die FGGW nader.

## 7. GEDRAGSKODE VIR DIE VERHOUDING TUSSEN STUDIELEIER, MEDESTUDIELEIER EN KANDIDAAT

Die aard van die verhouding tussen studieleier en kandidaat moet bevorderlik vir geslaagde nagraadse studies wees en word gestruktureer volgens 'n memorandum van verstandhouding (MvV) waarvoor die Universiteit 'n templaat verskaf. Die studieleier, medestudieleier en kandidaat moet almal die MvV invul en onderteken om hulle verhouding te vestig.

Die kandidaat en studieleier moet saamwerk om 'n MvV vir hulle besondere situasie op te stel binne 'n redelike tyd (gewoonlik binne 60 dae) nadat die projek 'n aanvang geneem het. Die memorandum moet sperdatums bevat – byvoorbeeld, vir die voorlegging van die projekprotokol, die afhandeling van die literatuuroorsig, die afhandeling van die afsonderlike hoofstukke en die inlewering van vorderingsverslae. Tye van afwesigheid (bv. jaarlikse of studieverlof) moet ook aangeteken word.

Die huidige templaat vir die standaard-MvV is by http://www.sun.ac.za/english/faculty/healthsciences/studentadministration/Documents/Memorandum%20of%20collaboration%20between%20students%20undertaking%20research%20and%20the%20supervisors%20who%20guide%20their%20studies..pdf beskikbaar.

## 8. EKSAMINATORS

8.1 Die omgewingshoof moet, in oorleg met die studieleier en die NPK, twee onverbonde eksaminators benoem (kyk by 6.5 hier bo), waarvan een 'n eksterne eksaminator moet wees. Uitsonderings op die reël word slegs met oorredende begronding toegestaan. Eksaminators moet geskikte persone wees wat 'n objektiewe oordeel kan vel.

8.2 Die omgewingshoof moet die name van die benoemdes in oorleg met die NPK via die KNO aan die Fakulteitsraad vir goedkeuring voorlê. (Kyk by 5.4 hier onder.)

8.3 Die omgewingshoof of hulle afgevaardigde (maar nie die studieleier nie) moet die werkstuk, vergesel van 'n afskrif van die riglyne vir assessering en 'n afskrif van die standaard- (pro forma-)verslagvorm, aan die eksaminators verskaf. Die eksaminators moet die ingevulde verslagvorm aan die omgewingshoof terugbesorg, vergesel van 'n verslag in groter besonderhede.

8.4 Eksaminators moet minstens een maand hê om 'n werkopdrag te assesseer.

8.5 Elke eksaminator moet 'n onafhanklike **skriftelike assessering** van die werkstuk by die **omgewingshoof** indien, asook die **standaardverslagvorm**.

8.5.1 Die onafhanklike **skriftelike verslag** moet aan die hand van die onderstaande kriteria opgestel word, met inagneming ook van die relatiewe gewig wat aan elke kategorie toegeken is.

| | KATEGORIE | RELATIEWE GEWIG (%) |
|---|---|---|
| (a) | Inleiding – onder meer die opsomming, agtergrond of literatuuroorsig, konteks, oogmerk en doelwitte | 20 |

| | | |
|---|---|---|
| (b) | Metodologie – navorsingsontwerp, onder meer eksperimentele metodes vir laboratoriumgebaseerde ontleding, steekproefneming, data-insameling, databestuur, data-ontleding, etiese oorwegings | 30 |
| (c) | Resultate – aanbieding, duidelikheid, logiese beskrywing, begrip van die uitsette van statistiese ontleding (vir kwantitatiewe studies) en temas wat deur gepaste voorbeelde ondersteun word (vir kwalitatiewe studies) | 15 |
| (d) | Bespreking – logiese en sinvolle vertolking van bevindings en argumente met verwysing na huidige kennis en literatuuroorsig, beskrywing van die implikasies van die bevindings, veralgemeenbaarheid van bevindings, sterkpunte en tekortkomings van die studie | 20 |
| (e) | Gevolgtrekking – samevatting van sleutelbevindings, aanbevelings vir verdere navorsing, 'wegneemboodskap' uit die studie | 5 |
| (f) | Ander – aanbieding van bronverwysings, leesbaarheid, spelling, grammatika en sinsbou, oorhoofse aanbieding, tersaaklikheid, oorspronklikheid | 10 |

8.5.2 Die **standaardverslag** moet die finale aanbevelings bevat. Riglyne vir bepunting word verskaf en eksaminators moet die mees toepaslike blok afmerk asook 'n punt vir die individuele werkstuk toeken.

| | **EIENSKAPPE VAN DIE WERK** | **BESTEK-PUNT** | **INDIVIDUELE PUNT (%)** |
|---|---|---|---|
| (a) | Slaag met onderskeiding. Tersaaklike materiaal sowel as agtergrondliteratuur en/of verwante kwessies is gesaghebbend gedek. Die aanbieding is uitmuntend wat beredenering, organisering, oorspronklikheid en styl betref. Toon volkome begrip van die onderwerp. *Slegs geringe tipografiese regstellings word benodig.* | ≥75% | |
| (b) | Die werk toon oorspronklikheid en insig, maar daar is gebreke of areas waar verbetering die werk duidelik sou verbeter. Die wesenlike studiewerk is toereikend gedek, goed georganiseer en deeglik beredeneer. Regstellings moet tot bevrediging van die studieleier gemaak word. | 70%–74% | |
| (c) | Aanbieding is deeglik, organisering is voldoende, metodologie is toereikend en gevolgtrekkings is voldoende begrond. Toon minimale oorspronklikheid en insig, indien enige, maar die oorhoofse prestasie vanaf konseptualisering tot afsluiting is voldoende. Behoort nie ernstige hersiening te verg nie. Regstellings moet tot bevrediging van die studieleier gemaak word. | 60%–69% | |
| (d) | Die literatuuroorsig is bevredigend en die navorsingsoogmerke en -doelwitte is voldoende uiteengesit. Die metodologie is voldoende, maar daar is ruimte vir verbetering. Die organisering en beskrywing van die studie toon gebreke, maar die werkstuk stel die hoofpunte bevredigend genoeg om 'n slaagpunt te verdien. Benodig ernstige hersiening. Regstellings moet tot bevrediging van die studieleier gemaak word. | 50%–59% | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (e) | Die werkstuk is swak in alle opsigte, maar die kandidaat het genoeg gedoen om aanduidings te gee dat dit ’n slaagpunt kon verdien na aansienlike hersiening en hereksaminering deur dieselfde eksaminator. Daar is voorlopig geen punt toegeken nie. Sou die kandidaat na hervoorlegging slaag, sal ’n punt van 50% toegeken word. | 45%–49% | |
| (f) | Druip. Die werkstuk is so swak dat die eksaminator reken die kandidaat nie die vermoë het om die aanpassings te maak wat dit sou verg om te slaag nie. Geen moontlikheid van hervoorlegging nie. | <45% | |

8.6 Die punt van die interne onverbonde eksaminator en dié van die eksterne eksaminator dra elk 50% tot die finale punt vir die werkstuk by. Die finale punt word bereken ooreenkomstig die toepaslike bepalings elders in hierdie dokument.

8.7 Die punt wat die eksaminators na die eerste rondte assessering toeken, geld gesamentlik as die finale punt. Sou albei eksaminators aanvanklik die studente laat druip, mag ’n finale punt van hoogstens 50% na hereksaminering toegeken word.

8.8 Sou een eksaminator ’n slaagpunt toeken en ’n ander eksaminator ’n druippunt sonder die moontlikheid van hervoorlegging (<45%), moet die KNO twee persone uit hulle geledere aanstel om saam met die omgewingshoof (of ander senior personeellid, indien die hoof die studieleier is) as ad hoc-komitee te dien.

- Dié komitee moet ’n derde eksaminator aanstel, wat die werkstuk van nuuts af moet assesseer. Die derde eksaminator moet in oorleg met die omgewingshoof en studieleier aangestel word.
- Die ad hoc-komitee oorweeg dan al drie verslae en doen vervolgens aan die KNO verslag.
- As die derde eksaminator ’n slaagpunt toeken, word die kandidaat se finale punt bereken as die gemiddeld van die oorspronklike slaagpunt en hoogstens 50% vir die derde eksaminator. Die druippunt wat toegeken is, word buite rekening gelaat.
- As die derde eksaminator egter ’n druippunt toeken, sal die ad hoc-komitee aanbeveel dat die kandidaat die werkopdrag druip en dit in die geheel moet oordoen.
- Die komitee dra hulle besluit aan die omgewingshoof oor, wat die besluit moet uitvoer voordat daar aan die KNO verslag gedoen word.

8.9 Sou albei eksaminators ’n slaagpunt vir die werkstuk toeken, maar hulle puntetoekenning verskil met meer as 20%, moet die omgewingshoof dit uitwys.

- As die kandidaat of studieleier(s) ’n geskil wil aanhangig maak, moet hulle ingelig word dat dit die finalisering van die uitslag mag vertraag en daarmee saam die afhandeling van die graad; dat die kandidaat nie die geskil kan terugtrek nadat die proses begin loop het nie; en dat die uitkoms die student mag bevoordeel (’n hoër punt oplewer) of benadeel (’n laer punt oplewer).
- As geen geskil aanhangig gemaak word nie, geld die punte wat die twee eksaminators toegeken het as die finale punte en mag geen verdere geskil verklaar word nie.
- As ’n geskil aanhangig gemaak word, moet die omgewingshoof die eksaminators daarvan verwittig en verduidelik dat dit ontstaan het uit die groot verskil in die punte wat toegeken is. Die hoof sal die eksaminators versoek om ’n bemiddelde kollegiale gesprek te voer (in lewende lywe of elektronies, soos gereël deur die omgewingshoof) om die redes vir die groot verskil te oorweeg en dit te probeer beredder. Dit mag daartoe lei dat een of albei eksaminators aanbied om die punt wat hulle toegeken het, aan te pas (hetsy op- of

afwaarts) ten einde die verskil minder as 20% te maak. Die aangepaste punt sal as die finale punt van daardie eksaminator geld, en geen verdere geskil mag verklaar word nie. Indien die gesprek nie ’n oplossing oplewer nie (d.w.s. as geeneen van die eksaminators bereid is om hulle punt aan te pas nie), word die gemiddeld van die oorspronklike punte as die finale punt aanvaar.

8.10 Die omgewingshoof moet skriftelike verslae deur die bykomende eksaminator(s), vergesel van hulle terugvoerkommentaar (en ’n hersiene manuskrip, indien nodig), via die uitvoerende departementshoof aan die Adjunkregistrateur: Tygerberg-kampus of dié se verteenwoordiger voorlê vir verdere hantering.

## 9. MANUSKRIPTE VIR VAKTYDSKRIFTE

9.1 Die kandidaat moet die eerste outeur wees.

9.2 As die werkstuk volgens opsie 2 (kyk by 2.3 hier bo) aangebied word – ’n afgeronde manuskrip vir ’n ewekniebeoordeelde vaktydskrif (verkieslik subsidiedraend; d.w.s. wat in die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se lys goedgekeurde vaktydskrifte opgeneem is) – en dit is alreeds **aan die tydskrif voorgelê maar nog nie vir publikasie aanvaar nie**, moet dit ekstern geëksamineer word. Dieselfde bepalings rakende eksaminators geld as in geval van opsie 1.

9.3 As ’n vaktydskrif soos in 9.2 omskryf alreeds die manuskrip **vir publikasie aanvaar het**, word dit as ’n slaagpunt vir die kandidaat geag. Die eksaminators assesseer die werkstuk slegs om dit te bepunt. Die manuskrip, vergesel van bewys van aanvaarding deur ’n subsidiedraende ewekniebeoordeelde vaktydskrif, moet aan die omgewingshoof voorgelê word vir finale goedkeuring en afhandeling.

9.4 Aangesien die voorbereiding en voorlegging van ’n manuskrip of werkstuk deel van die finale eksamineringsproses uitmaak, mag kandidate geen publikasie (bv. ’n magister werkstuk) wat vantevore vir die doeleindes van ’n ander graad (bv. MSc) voorgelê is, weer voorlê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van ’n gestruktureerde magisterprogram nie.

[Goedgekeur deur FR, 23/02/2023)